



NUUSBRIEF OKTOBER 2011

Dit is moeilik om te glo, maar hierdie jaar is amper verby! Dit was in die geheel gesien 'n baie goeie jaar vir Murrayfield Tennisklub. Ons bly groei en almal is saam soos 'n groot familie. Dit is ook baie lekker dat die klub nie net deur lede groei nie, maar dat daar 'n paar lede is wat nog aan die nasie bou! Baie geluk aan Marike, Dean, Ben en Sulice. Mag die kroos julle baie plesier verskaf en ons sien hulle langs die baan!

Die klub het fasiliteite waarop almal trots kan wees en volgens ander klubs se reaksies, sien hulle dit ook raak. Ons het hierdie jaar pragtige meubels bygekry, daar is tafels en bankies onder die bome en die nuwe naambord is indrukwekkend. Almal weet dadelik waar hulle is.

Aangesien ons nou twee bane met spreiligte het, was daar 'n poging om sosiale tennis op Woensdagaande te begin. Dit het nie so goed vlamgevat nie en toe haal die winter ons in. Ons sal graag wil hoor wat julle behoeftes in die verband is.

Danksy Elsana dra ons nou 'n eenvormige beeld uit met nuwe tennisdraag vir die dames en die mans se hemde is op pad. Ons het baie komplimente daarvoor gekry.



Die klub se sterk punt bly nog steeds die sosiale aspek. Die maandeinde braaiery word goed ondersteun en van die lede vra nou al daarna as dit nie vinnig genoeg geadverteer word nie.

Die kampioenskap prysuitdelingsfunksie was 'n spoggeleentheid! Alle dank aan Dean vir die pragtige fasiliteit wat ons kon gebruik het. Die kos was uit die boonste rakke en almal het hulle in die tema ingelewe! Dit is miskien goed dat ons party nie weer so sal sien nie!

In die winter het die sop- en sjerrieaand groot aftrek gekry en dit sal moeilik wees om weer sulke indrukwekkende soppe bymekaar te kry. Dit is weer 'n bewys van almal se betrokkenheid! 'n Mens vra net een keer en die lede gee.

Op 'n hartseer noot moet ons van die Van der Merwes afskeid neem. Dit het almal ook goed gedoen met 'n snoekbraai. Hulle sal sekerlik gemis word, maar die klub sal hopelik van krag tot krag gaan en hulle kan net inval wanneer hulle in Pretoria kom kuier.



Ter afsluiting net 'n voorbeeld van die gees wat in die klub heers. Dit is e-posse wat tussen die voorsitter en drie lede tydens die liga plaasgevind het.

From: "Judy v.d. Merwe" <jjvdmerwe@xsinet.co.za>

Date: Fri, 19 Aug 2011 18:21:50 +0200

To: Nicolette Zerwick<nz@zerwick.co.za>; Wilmien<wdupreez2@absamail.co.za>; Marike Hartsliet<marikehartsliet@gmail.com>

Subject: Liga

Hi Drie Varkies,

Dit is met misnoë dat ek kennis neem van die Tennisnaweek wat julle 3 gesinne gaan mis agv die 3 Varkies se **"SOSIALE NAWEEK"**. Ek wil tog 'n ernstige, dog drigende versoek aan julle 3 Varkies rig om indringend te besin oor die **"SOSIALE NAWEEK"**. My beskeie mening is dat dit geen impak op enige van julle sou hê om die naweek onbeperk uit te stel en liever die deposito verbeur (aangesien dit finansieël geen invloed op enige van julle sal hê nie), as om die Tennisklub te benadeel in terme van die Liga, sowel as die eer van ons veelbesproke tennisklub se vlagskip (ons trotse dames 1ste span), veral as ons sou kyk na die resultate van die afgelope seisoen. Sou julle my versoek ignoreer, hou ingedagte dat Wolf deur skoorstene toegang verkry tot enige uitsluiting. Ek glo ek kan op julle samewerking reken aangesien julle gesiene mense in die Varkdom is en, glo ek, graag die status sou wou behou.

Baie dankie vir julle samewerking.

Groete

Johann(Wolf)

Die antwoord hierop is soos volg:

From: marikehartslief@gmail.com [<mailto:marikehartslief@gmail.com>]

Sent: 19 August 2011 6:32 PM

To: Judy v.d. Merwe

Subject: Re: Liga

Liefste wolf die 3 varkies het reeds ons naweek geskuif alles net die wolf gelukkig te hou. Bo genoemde is onderhewig dat wolf op veel besproke 2 september sy liga wedstryd met BLOU BUL hemp moet speel asook na die 3 varkies se alkoholiese behoeftes moet omsien. Groete varkie no 3

TENNISGROETE TOT VOLGENDE KEER



2010 Tennis naweek Kamp Buffelspoort: